# Geseënd is die wat hulle klere was.

## Donderdag 6 Oktober 2022

**Bronne:** Du Plessis, A. 1986. Oor die dood uit die Woord.
Du Rand J. 2009 Die Bybellinium. Red FJ van Rensburg en M. Nel.
Groenewald, EP 1986 Die Openbaring van Johannes.
Hendrisen, W. 1986. Meer as oorwinnaars.
Koen, G. 1996. Brood op die Water.
Hoeksema, H. 1969. Behold he Cometh!

**Lees**: **Open 22:14** "Geseënd is dié wat hulle klere was, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en deur die poorte in die stad kan ingaan."

**Daar is sewe seënspreke net in die boek Openbaring alleen.**

| | |
|---|---|
| 1:3 | Geseënd is die een wat die woorde van hierdie profesie lees. |
| 14:13 | Geseënd is dié wat van nou af in die Here sterwe |
| 16:15 | Geseënd is die een wat wakker bly en sy klere reghou |
| 19:9 | Geseënd is hulle wat na die bruilofsmaal van die Lam uitgenooi is. |
| 20:6 | Geseënd is die wat aan die eerste opstanding deel het |
| 22:7 | Geseënd is elkeen wat die woorde van hierdie profetiese boek ter harte neem. |
| **22:14** | **Geseënd is die wat hulle klere was** |

Vandag behandel ons die laaste van die sewe Seënspreke in die boek Openbaring.

**Open 22:14** "Geseënd is dié wat hulle klere was, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en deur die poorte in die stad kan ingaan."

Om hierdie vers te verstaan moet ons ook **Open 7:14** lees:
"Ek weet nie, Meneer," sê ek vir hom, "maar ú weet." Hy sê toe vir my: "Dit is dié wat uit die groot verdrukking kom. **Hulle het hulle klere gewas en dit wit gemaak in die bloed v/d Lam."**

**Wat beteken dit om jou klere wit te maak deur dit te was in die bloed van die Lam?**
Daar is ook 'n verantwoordelikheid wat christene het!
Hierdie verantwoordelikheid is om: as jy geroep is en wedergebore is en die geloof uit genade ontvang het, vanweë die soewereine wil van God, dan is jou verantwoordelikheid vanweë dankbaarheid om jou klere te was voor God.

- Dit beteken om jou sondes te bely voor God.
- Dit beteken om te besef dat jy alleen heilig, skoon kan wees deurdat Jesus Christus vir jou sondes aan die kruis betaal het.
- Dit beteken om jou sondes voor God te bely en erken en om vergifnis te vra.
- Dit beteken om vrygespreek te word deur Jesus Christus se soenverdienste alleen.
- Dit beteken om deur die geloof geheilige en gereinig en gewas te word van hulle ongeregtigheid en sonde.
- Dit is om geregverdig te word, vrygespreek te word deur Jesus Christus se bloed wat Hy aan die kruis vir ons gestort het.
- Dit alles gebeur in Jesus Christus se bloed.
- In Sy bloed was hulle hulle klere, dade, deur die geloof.

**Wat is, die boom van die lewe, waarop die wat hulle klere dan wit gewas het die reg het?**
Ons lees in die tuin van Eden was die mens verbied om te eet van **"die boom van kennis". Gen 3:3**
Nou lees ons dat die mense wat hulle klere gewas het, reg het op **"die boom van lewe." Op 22:14**

**Die boom van die lewe was ook in die tuin van Eden, maar die mens mag nie daarvan geëet het nie.**
**Nou egter mag die uitverkorenes, die wat in die hemel is van hierdie boom eet,** dit is die simbool van die ewige lewe. Die vrugte is volop, twaalf keer per jaar dra dit vrugte, m.a.w. die dra van vrugte hou nooit op nie. Daar is nooit 'n tekort nie.

**Dus is dit ryke troos daar dat almal wat in die hemel is vir ewig lewe**, vir ewig skoon is, vir ewig geen leed, pyn of hartseer meer sal hê nie.
Alles in die hemel sal volmaak wees.
Dit sal volkome wees.
Dit sal 'n ewige seëning wees, 'n ewige geluksaligheid.

**Samevatting van die sewe seëninge in Openbaring.**

Die einde dus van die sewe seëninge in Openbaring is dat ons 'n ewige geluksaligheid, 'n uitermate groot seën sal ontvang, en dit is om vir ewig by God te wees en in volkomenheid by Hom te wees en te leef tot in ewigheid.

**Kom ons bid saam**

***Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595:*** **gskruger1@gmail.com**